GGSA Vaaldriehoektak
Nuus Varia
Maart 2007

GSSA Vaal Triangle
News Varia
March 2007

Waar kom jy vandaan?

Enige gevorderde beskawing het 'n hunkering om te weet waar hulle vandaan kom. Kennis van ons voorvaders kry ons van stamregisters, en die bestudering van die afstammelingslyste word genealogie genoem.

In Suid-Afrika was familieherkoms nog altyd belangrik. Die ouer mense het gespesialiseer in familie-uitleg. Hulle het byvoorbeeld gegroet met 'n handskud terwyl hulle hul van bekend stel. As daar met die eerste handskud gesê word: Van der Merwe en die ander persoon antwoord ook Van der Merwe, dan weet al twee dat hulle verlangs familie is, want daar het net een Van der Merwe na Suid-Afrika gekom. Willem Schalk van der Merwe van Oud-Beyerland naby Rotterdam in Nederland.

Waar kom ons vandaan? As ons dié vraag beantwoord, leer ons terselfdertyd sommer 'n klomp geskiedenis.

Genealogie word soms die moeder van geskiedenis genoem omdat opgetekende geslagslyste en heldedade van heersers van die oudste historiese dokumente is.

Sedert die vroegste tye het beskawings rekord gehou van vier dinge: sy god; sy wette; sy besigheid; sy genealogie en familiegeskiedenis.

Daar word algemeen aanvaar dat die geskiedenis van Egipte ongeveer 3 000 jaar v.C. begin het toe Menes Bo- en Onder-Egipte laat saamsmelt het. Van koning Menes is daar verskeie koningslyste wat 31 dinastieë met hul konings lys. Een van die oudste Sumeriese kleitablette van ongeveer 1 820 v.C. bevat 'n lys van konings.

Die meeste gegewens oor die voorgeslagte kom uit die doop-, trou- en begrafnisboeke van die kerk. Die optekening van die gegewens is 'n erfenis uit ons stamlande.

In die tyd toe 'n ryk middelklas gevorm is, het mense probeer om hul politieke en sosiale status te verhoog deur ondertrouery met die adel of deur genealogies te bewys dat hul familie van die adel is.

Met die ontstaan van groot stede en die stigting van kolonies, het lede van families oor die hele land en selfs na ander wêrelddele versprei. Daar het toe 'n behoefte ontstaan by gewone mense om meer van hul verlore familie te wete te kom en familiebande weer saam te bind.

Stigting van genealogiese verenigings

Gedurende die laaste helfte van die 19de eeu is begin met die stigting van genealogiese verenigings en in die 20ste eeu het die belangstelling toegeneem.

Hannatjie Schreck berig in die Vaalweekblad dat uit navrae wat ontvang is, dit blyk dat mense onseker is presies hoe om te werk te gaan om data in te samel en saam te stel. Akademici by die Potchefstroomse Universiteit vir CHO se Vaaldriehoekkampus gaan mense voortaan help met navorsing oor en die opstel van familie-geskiedenisse.

Hier is mev. Linda Zöllner, die kursusaanbieder, by (van links) prof Johann Tempelhoff (direkteur, skool vir basiese Wetenskappe, Vaalpukke), mnr Martin Zöllner (president, Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika) en mnr Frank van Eeden (kursusganger). (Foto: Vaalweekblad van 15-19 November 1999)

In die Vaalweekblad van 15-19 November 1999 word daar berig dat 'n Aanvangskursus in Genealogie van 28 tot 30 Oktober 1999 by die Vaaldriehoekkampus van die PU vir CHO aangebied is.

Dié kursus was die eerste van sy soort aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit en is aangebied deur die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika in samewerking met die Skool vir Basiese Wetenskappe by die Vaalpukke. Volgens mnr Martin Zöllner, kursusleier en voormalige nasionale president van die Genootskap, was die eerste proeflopie geslaagd.

Daar was groot belangstelling by hierdie eerste kursus, en daar is toe besluit om 'n Genealogiese tak in die Vaaldriehoek te stig. Whitey van Niekerk was van die eerste lede en sy kwitansie van die 4de Oktober 1999 wys dat die ledegeld toe R60 was.

◄► ◄►

'n Oorsig van die opskrywingsprojek van die Ou Begraafplaas in Parys, OVS

deur Fanie Blignaut

Fanie Blignaut

In 2004, ek (Fanie) kan nie presies onthou wanneer nie, het Louis Chadinha, van Welkom, my genader en gevra of ons as tak nie saam met hom die Ou Begraafplaas van Parys wil gaan help opskryf nie. Ek het toe aan hom gesê dat dit 'n goeie idee is en dat ek die nodige reëlings sou tref. Daar het ongelukkig 'n ontevredenheid oor ons tak by hom ontstaan en hy het onttrek, waarna ek hom ingelig het dat ek voortgaan met die projek.

Op die 4de Julie 2005 het die volgende persone my toe gaan help met die opskryf van die ou gedeelte. Leon Ferreira en sy kleinseun, Divan en Celia Fourie en haar seun se vriendin, Juanita Buitendag. Celia het die foto's geneem.

Die volgende dag, die 5de Julie, is ek en Celia terug om verder te gaan opskryf. Ons het toe Blok A & B klaar gedoen.

Ek self het weer die 5de en 6de Oktober 2006 gegaan om te probeer om die grafte reg te stel, want die vorige keer was dit so toegegroei onder die gras en kakiebos dat 'n mens nie kon sien waar daar moontlik grondgrafte kan lê nie.

Leon Ferreira

Ek het toe ook Blok C opgeskryf en foto's geneem, as ook die Joodse gedeelte.

Blok A se eerste tien rye moes egter nog uitgesorteer word, want een alleen, kan dit nie doen nie. Die grafte lê skuins en in 'n boog.

Die Munisipaliteit van Parys se planne is ook nie voldoende nie, en hulle het my gevra om hulle te help om dit reg te stel. Volgens hulle planne is daar vier rye kindergrafte in Blok A, en ek het ses rye gekry.

Op die 18de November 2006 het ons toe begin met Blok D1 en die volgende persone het my gaan help: Elma van Wijk, Hennie Steyn, Hentie Liebenberg, Yvonne & Hector Els en Wilma Jansen van Vuuren wat die foto's geneem het.

Die middag ongeveer 14h00 het 'n groot weer opgesteek en was ons genoodsaak om op te pak. Ons het darem die laaste gedeelte halfpad opgeskryf gekry voordat die weer ons gejaag het.

Op die 12de Desember 2006 het ek egter teruggegaan om die oorblywende rye gaan opskryf en toe sommer ook die laaste gedeelte van Blok D2. Hierdie gedeelte se foto's moet nog geneem word.

Op die 17de Februarie 2007 het die volgende persone my weer gaan help om Blok D2 te gaan opskryf: Engela Spaleck, Hennie Steyn, Elma van Wijk en Grahame Naudé. Oom Thinus Brümmer en Wolfie Spaleck het die grafte skoongemaak sodat Celia Fourie die foto's kon neem.

Agter is oom Thinus Brümmer en voor is Wolfie Spaleck

Elma van Wijk het ook later foto's begin neem van Blok E. Die son het kwaai begin steek en ons het so 15h00 se kant besluit om maar liewers op te hou.

Daar sal weer 'n datum bepaal word in hierdie jaar sodat die res opgeskryf kan word. Ek is nou besig met die verwerkings van die data op die rekenaar. Daar is al ongeveer 3 500 grafte so ver opgeteken in die begraafplaas en nog ongeveer 1 500 wat gedoen moet word.

Dankie aan almal wat bereid was om my te gaan help, hoop om julle met die volgende slag weer te sien.

◄► ◄►

Besoek aan die LDS Sentrum in Parktown

deur Sampie Orton

Met ontvangs van die agenda vir Februarie se vergadering het ek die gevoel gekry dat Gert Schepers gaan praat oor iets wat ek niks van weet

nie en wat die volgende stap in my familie navorsing is. Die beskrywing in Februarie se Nuus Varia was verder ook baie verduidelikend en die entoesiasme van die lede tydens die vergadering het die gevolg gehad dat sewe lede op Saterdag 3 Maart die pad gevat het Johannesburg toe.

Ons was bevoorreg dat van die lede al daar was en dus die pad geken het. Die LDS is gevestig op die perseel van *The Church of Jesus Christ of Latter-Day Saints.* Dit is geleë langs die M1, amper in die middestad van Johannesburg en is omring deur pragtige plantegroei en merkwaardige geboue.

Opmerklik was die behulpsaamheid van ons lede wat al voorheen toepaslike ondervinding opgedoen het asook die amptenare van die LDS Familienavorsing Sentrum. Later het ek verneem dat dié amptenare geen vergoeding ontvang nie en 'n diens lewer uit hul liefde vir die saak. 'n Dame met die naam van Del Western het my op 'n stadium help krap in die 1800 se sensus opnames van Brittanje. Ek kon nie glo dat sy later meer opgewonde as ek was oor die inligting wat sy uitgekrap het nie.

Die inligting wat daar gestoor word is ongelooflik. Die daarstelling moes oor baie jare plaasgevind het en verdien ons soort ouens se waardering opreg.

Die fasiliteite is uitstekend en ek het baie meer ontvang as wat ek ooit kon dink. Soos Gert ons gewaarsku het moet jy goed voorbereid wees en was die webwerf (NAAIRS) se adres deurslag-gewend. Sonder die verwysings van NAAIRS gaan jy baie tyd in die LDS Sentrum verloor.

Ek is seker daar is nog baie meer hulpbronne as dié wat ek mee te doen gehad het met my eerste besoek daar.

Baie dankie aan die bestuur en lede vir die geleentheid wat ons gehad het om deel van die dag te kon wees.

Trevor Dickerson, Whitey van Niekerk, Elma van Wijk, Sampie Orton, Jacques du Toit, Celia Fourie en Derick Vorster. Sampie se seun het die foto geneem.

Die Witkop Blokhuis

So met die pad terug het ons die geleentheid gebruik om, in die reën, ook besoek af te lê by die Blokhuis tussen Alberton en Vereeniging. Dit pas mos by mense wat in die geskiedenis rondkrap.

'The Witkop Blockhouse is the only example left of the original design found along the railway line from Vereeniging and Elandsfontein (Germiston). It is two storeyed with a lookout tower and shooting holes. It is strategically built on a koppie which would have given visibility to Johannesburg. Declared a National Monument in 1948, and one of fifty left in the country.'

Foto geneem deur Celia Fourie

Die volgende artikel *Black concentration camp at local monument* van Yvonne Muller en James Farr het in die *Vanderbijlpark Ster* van 16-20 Januarie 2006 verskyn:

The smallest interment camp for the concentration of black people during the Anglo-Boer War was found last year near Meyerton by an American historian, Stowell Kessler. Kessler found the remains of the camp near the Witkop Blockhouse, which stands on a national heritage site next to the R59 highway near the Engen One-Stop petrol station en route to Alberton.

The Blockhouse was purchased by Robert Hewer of Henley-on-Klip in 2002 so that he could restore and conserve the century-old national monument.

Hewer, who also started the Blockhouse Trust, has organised at least one fund-raising project toward its restoration and maintenance. Hewer's work kicked off in 2002 with the Blockhouse Midvaal Classic Cycle Race on Heritage Day, which assisted the Land Service Cleaning Project and helped repair the roof of the blockhouse.

It was Hewer's idea to get an expert of Kessler's stature to confirm his suspicion that many Anglo-Boer War British blockhouses - raised primarily to protect railway lines all over South Africa - were as frequently accom-panied by concentration camps for black as for whites. Sixty-six black concentration camps are recorded in the Transvaal and Orange River Colony.

According to the national archives consulted by Kessler, the Witkop black concentration camp accommodated 25 families amounting to 125 people for six weeks during September 1901. The camp itself is sited between the Witkop Blockhouse and the railway line running from Germiston to Vereeniging.

◄► ◄►

Persoonlike Berigte

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat gedurende Maart verjaar:

10 Derick Vorster
19 Hannelie Viljoen

Lief

Baie geluk met die 40ste huweliksherdenking:

4de Februarie -
Engela en Wolfie Spaleck

11de Maart -
Hikkie en Fanie Blignaut

Baie geluk aan Wilco & Adéle Labuschagne wat 'n baba-dogtertjie ryker geword het. Gods rykste seën word julle toegewens.

Leed

Ons dink aan die volgende persone:

Chris Ebersöhn het 'n skouer-operasie gehad.

Cathrien Botes het 'n knievervanging gehad op die 23ste Februarie.

Leon Ferreira se vrou Katie, is ernstig siek in die hospitaal. Sy is met beenmurgkanker ge-diagnoseer.

Oorsig van Bestuur

1. Jaarprogram
17 Januarie - Google Earth - Derick Vorster
en kennismaking met al die lede
21 Februarie - Voorbereiding vir besoek aan die LDS sentrum in Parktown, Johannesburg - Gert Schepers
21 Maart - Bespreking van die nuwe lede CD - Engela Spaleck en Gert Schepers se gas Ann Tiran kom kuier. (Dis Menseregtedag, maar die algemene besluit is dat ons die aand 'n byeenkoms gaan hou.)
18 April - James Cooks -
16 Mei - Sampie Orton en Hans Botes gaan oor hulle navorsing gesels
20 Junie - Hierdie vergadering verskuif na Saterdag die 23ste Junie toe, president GGSA Johann Janse van Rensburg, kom besoek ons tak. Meer besonderhede volg later.
15 Augustus - Trevor Dickerson gesels oor sy Oos-Kaapse voorsate
19 September - Prof Johann Tempelhoff -
17 Oktober - Elma van Wijk - lewende familie - spesifiek De Wit
21 November - Jaareindfunksie by Magic Lawn in Vereeniging en ook ons Algemene Jaarvergadering

2. Vergaderplek
Ons vergaderplek by die Universiteit is bevestig vir die jaar. Ons dank aan prof Johann Tempelhoff en die sekretaresse Ronel Ward.

3. Skakeling
Isabel Groesbeek het die portefeulje van Skakeling en Bemarking wat deur die GGSA NUK-lede toegewys is. Sy het laat weet i.v.m. skakeling waar sy kan uitreik om die Genealogiese Genootskap te bevorder. Ons voorstel is die Teknorama Museum in Vereeniging. Voorsitter Engela Spaleck het ook die Vaalweekblad se 'Community Diary' geskakel om die Vaaldriehoektak se vergader tye te adverteer.

4. Finansiële Verslag
a) Omtrent al die lede het hulle ledegeld vir 2007 betaal.
b) SAG 14 Va-Vir is aangekoop.
c) Tesourier gee 'n Finansiële verslag van die GGSA Vaaldriehoektak aan die voorsitter om saam te neem na die NUK se AJV in Pinetown. Die tak sluit die jaar 2006 af met 'n batige saldo.
d) Die Begraafplaas CD nommer 5 gaan vir ons tak aangekoop word.

5. NUK Begraafplaas Projekleier
Fanie Blignaut is genomineer as die NUK se Begraafplaas Projekleier in die plek van Errol Dollenberg.

6. Terugvoer van B/P Parys Opskryfprojek
Fanie bedank almal wat so ver gehelp het met hierdie groot projek.

7. Navorsing LDS Parktown
Die reëlings word getref vir Saterdag die 3de Maart.

8. Spyseniering vir die jaar
17 Januarie - Engela & Wolfie Spaleck
21 Februarie - Engela Spaleck en Celia Fourie
21 Maart - Elma van Wijk en Chris Ebersöhn
18 April - Thinus Brümmer en Hennie Steyn (?)
16 Mei - Yvonne & Hector Els
23 Junie - Celia Fourie en Derick Vorster
15 Augustus - Suzette & Jacques du Toit en Cathrien & Hans Botes
19 September - Whitey van Niekerk en Renier Feldtmann
17 Oktober - Fanie Blignaut en Gert Schepers
21 November - Jaareindfunksie by Magic Lawn in Vereeniging

◄► ◄►